

SOEKE NA GELUK

KLEINGROEPPLESSE

25 JUNIE 2018 – 16 JULIE 2018



LewenSentrum
GEMEENTE

Om God en mens' liever te hê

INHOUDSOPGAWE

LES	LESTEMA	WEEK VAN	BLADSY
1	<i>Die mens se soeke na geluk</i>	25 Junie	3
2	<i>Verkeerde denke oor geluk (Deel 1)</i>	2 Julie	7
3	<i>Verkeerde denke oor geluk (Deel 2)</i>	9 Julie	11
4	<i>Geluk begin by afhanklikheid van God</i>	16 Julie	15

Die mens se soeke na geluk

A. YSBREKER

Wat was die gelukkigste oomblik van jou lewe?

B. AANBIDDING

- *Eie keuse /die liedjie(s) van die uitsending / ALS-Dropbox ...*

C. WOORD

- *Lees die Skrifgedeelte(s) een of twee keer hardop deur. Bied daarna aan elkeen die geleentheid om met die groep te deel hoekom woord(e) of frase(s) in die teks tot hulle spreek.*
- *Daarna lees die fasiliteerder die vrae hardop voor. **Groeplede** kry dan die geleentheid om te **reageer op die vraag wat tot hulle spreek.***
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle mens...” nie.*

1. Skrifgedeeltes en bespreking

Elke mens is op soek na geluk. Almal doen wat hulle doen, omdat hulle glo dit gaan hulle gelukkig maak.

‘n Groot probleem met die soeke na geluk, is dat ons dink geluk is iets daar buite wat ek in die hande moet kry. Ons dink dit is ‘n “iets,” of ‘n “iemand”, ‘n hoeveelheid geld, of ‘n plek, ‘n werk, of omstandighede.

Navorsing het bewys geluk is \pm 40% geneties en 10% omstandighede. Meer as 50% van geluk is in jou eie hande!

Lees Romeine 12:9-21 (NLV)

Moenie veins dat jy ander liefhet nie; doen dit uit jou hart. Haat alles wat verkeerd is; kies kant vir wat goed is. As broers en susters in God se huisgesin moet julle mekaar in liefde koester en voor in die ry staan om mekaar met respek te hanteer. Moenie sleepvoet wees in julle toewyding nie; wees entoesiasies; wees werklik diensbaar vir die Here.

Wees bly oor die wonderlike toekoms wat God vir julle beplan. Volhard in tye van swaarkry; moenie verslap in die gebed nie. As medegelowiges in nood verkeer, wees jy die een om ‘n helpende hand na hulle toe uit te steek. Maak ‘n gewoonte daarvan om gasvry te wees – maak nie saak of dit oor kos of slaapplek gaan nie.

As mense julle oor julle geloof vervolg, moenie ‘n vloek oor hulle uitspreek nie, maar vra God om hulle te seën. As ander blydskap ervaar, juig saam met hulle. As hulle hartseer is, deel dit met hulle. Konsentreer op dit wat onderlinge eensgesindheid bevorder. Moenie belangrik probeer wees nie, maar vind julle geluk by die nederiges. Moenie dink dat net julle altyd reg is nie.

Moenie vir enigiemand kwaad met kwaad terugbetaal nie; wees positief teenoor alle mense. Sover dit vir julle moontlik is, moet julle goeie verhoudings handhaaf met alle mense.

Geliefdes, julle moet julleself nie wreek nie. Laat die straf aan God oor. Daar staan mos in die Skrif:

“Dit is my reg om te straf;

Ek sal vergeld,

sê die Here.”

Doen eerder wat die Skrif sê:

“As jou vyande honger is,

gee aan hulle iets om te eet.

As hulle dors is, les hulle dors.

Deur dit te doen, sal julle

hulle bloedrooi van skaamte

maak.”

Moenie toelaat dat die slegte julle onderkry nie, maar deur goed te doen moet julle die slegte te bowe kom.

Vrae:

1. Bespreek hoe broederliefde (naasteliefde) jou laat voel?
2. Hoe voel jy na 'n aand se gasvryheid? (Lekker kuier saam met vriende)

Lees Efesiërs 4:31-32 (DB)

Moenie toelaat dat julle bitter word nie. Beteuel jou humeur en as jy dalk jou humeur verloor, moet jy nie kwaad bly nie. Moenie mekaar vloek of lelike dinge vir mekaar sê nie. Moet ook nie iets doen wat vir 'n ander een sleg is nie. Behandel mekaar mooi en goed. Laat dit vir ander lekker wees om by julle te wees. Sien mekaar se foute oor net soos God julle foute oorgesien het omdat julle Jesus s'n is.

Vraag:

1. Hoe bou 'n mens langtermyn verhoudings?

2. Oefening van die week

Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.

Is daar dalk iemand naby aan jou met wie jou verhouding nie “op scratch” is nie. Dalk moet daar vergifnis kom of dalk net bloot 'n gesprek om die lug te suiwer? Is daar iets wat jy hierdie week daaraan kan doen?

Gaan doen dit.

3. Seëngebed

Hierdie seëngebed kan as die afsluitingsgebed gebruik word.

Here, dankie dat ons U nou weereens opnuut kan ontvang. Dankie dat U die waarheid in ons losmaak dat ons U liefde kan deel met ons broers en susters. Mag ons ook in hierdie week U hande en voete wees. Amen

Verkeerde denke oor geluk (Deel 1)

A. YSBREKER

As jy weer kon leef, wat sou jy anders doen?

B. AANBIDDING

- *Eie keuse /die liedjie(s) van die uitsending / ALS-Dropbox ...*

C. WOORD

- *Lees die Skrifgedeelte(s) een of twee keer hardop deur. Bied daarna aan elkeen die geleentheid om met die groep te deel hoekom woord(e) of frase(s) in die teks tot hulle spreek.*
- *Daarna lees die fasiliteerder die vrae hardop voor. **Groepede** kry dan die geleentheid om te **reageer op die vraag wat tot hulle spreek.***
- *Moedig groepede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle mens ...” nie.*

1. Skrifgedeeltes en bespreking

Hoekom is dit dat so baie gelowiges, oor tyd, hulle geluk verloor? Ons begin so sterk. Ons is gevul met entoesiasme en liefde, maar soos tyd verloop is daar aspekte wat ons beroof van geluk.

Lees Filippense 3:1-6 (AFR83)

Verder, my broers, wees bly in die Here! Om dieselfde dinge aan julle te skrywe, is vir my nie moeite nie, en vir julle gee dit sekerheid. Pas op vir daardie dwaalleraars; pas op vir daardie mense wat kwaad stig; pas op vir daardie betekenislose besnydenis! Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur sy Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie. Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vrypraak te kry, onberispelik.

Vrae:

1. Hoe kan ons ons geluk volgens Paulus behou?
2. Waarteen waarsku Paulus ons?
3. Wat is jou definisie van 'n wettiese lewenswyse of gesindheid?
4. Op watter rituele in die kerk vertrou ons vandag?

Stel jouself voor...

- a. jou oupa was 'n predikant
- b. jou ouers dien die Here
- c. jy het onder die kerkbanke groot geword

Dink jy dit gee jou 'n gratis kaartjie om hemel toe te gaan?

Filippense 3:5-6 - ... ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vrypraak te kry, onberispelik.

Voor Paulus se bekering was hy 'n godsdienstige mens. 'n Fariseër wat streng volgens 619 wette geleef het. Hy was beskou as 'n "pro" wanneer dit kom by om reëls en regulasies te onderhou.

Vraag:

1. Waaruit bestaan jou verhouding met God. Godsdienstig of Jesus Christus?

Religion is man's attempt to get to God. Jesus Christ is God's attempt to get to man. – Rick Warren

Lees Romeine 14:17 (DB)

Dit gaan regtig nie in God se koninkryk oor wat 'n mens eet of drink nie. Allermens! Nee, daar waar God heers, is dit die belangrikste dat sondaars op grond van sy ongelooflike goedheid van hulle sondes vrygespreek word. Daar gaan dit oor vrede met God en oor blydschap omdat die Heilige Gees met sy groot krag aanwesig is.

Vraag:

1. Wat kan jy hieruit aflei? Waaroor gaan die koninkryk van God werklik?

2. Oefening van die week

Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings

betreffende die oefening van die vorige week.

Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.

Dink bietjie na hierdie week of daar sekere godsdienstige “rituele” is wat jy beoefen. Is dit deel van jou verhouding met Jesus of het dit ‘n gewoonte geword?

3. Seëngebed

Hierdie seëngebed kan as die afsluitingsgebed gebruik word.

Lees Matteus 11: 28-30 in The Message parafrase hardop soos volg:

Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you'll recover your life. I'll show you how to take a real rest. Walk with me and work with me—watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. I won't lay anything heavy or ill-fitting on you. Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly.”

Verkeerde denke oor geluk (Deel 2)

A. YSBREKER

Wat sou jy graag wou hê mense oor jou by jou roudiens moet sê?

B. AANBIDDING

- *Eie keuse /die liedjie(s) van die uitsending / ALS-Dropbox.*

C. WOORD

- *Lees die Skrifgedeelte(s) een of twee keer hardop deur. Bied daarna aan elkeen die geleentheid om met die groep te deel hoekom woord(e) of frase(s) in die teks tot hulle spreek.*
- *Daarna lees die fasiliteerder die vrae hardop voor. **Groeplede** kry dan die geleentheid om te **reageer op die vraag wat tot hulle spreek.***
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle mense...” nie.*

1. Skrifgedeeltes en bespreking:

Ons het verlede week gesels oor die eerste verkeerde denkrigting wat geluk steel, nl. ‘n wettiese gesindheid. Vandag praat ons oor nog twee denke waarteen ons moet waak nl. “tydmors aktiwiteite” en die “verkeerde ambisies”.

Lees Filippense 3:7-8 (AFR 83)

Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry...

Hierdie is Paulus se bates en laste verklaring. Alles wat hy as mens voor Christus se koms gedoen het, beskou hy as verwerplik. Van die ander vertalings gebruik woorde soos “nikswerd”, “drek” en “gemors”. Paulus sê in Filippense 3:8 dat hy iets moes prysgee om iets anders in ontvangs te neem. Hy het in die plek van godsdiens 'n verhouding met God ontvang.

Vrae:

1. Wat steel op die oomblik jou geluk?
2. Hoe gaan dit met jou prioriteite?
3. Wat moet jy prysgee om in 'n meer intieme verhouding met God te staan?

Lees Lukas 12:15 (AFR83)

Toe sê Hy vir hulle: “Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie.”

Vraag:

1. Waarteen word ons vandag gewaarsku?

Lees Filippense 3:10-11 (NLV)

Op hierdie manier kan ek Christus ken en die krag beleef wat Hom laat opstaan het. Deur saam met Hom te ly kry ek deel aan sy dood in die hoop dat ek die opstanding uit die dood kan beleef!

Filippense 3:10 in die Amplified Bible sê die volgende:

Phillipians 3:10

[For my determined purpose is] that I may know Him [that I may progressively become more deeply and intimately acquainted with Him, perceiving and recognizing and understanding the wonders of His Person more strongly and more clearly], and that I may in that same way come to know the power outflowing from His resurrection [which it exerts over believers], and that I may so share His sufferings as to be continually transformed [in spirit into His likeness even] to His death, [in the hope]...

Daar is 'n groot verskil om te weet van iemand en om iemand waarlik te ken. Moet nooit ophou om Christus beter te leer ken nie. Die oomblik wat jy ophou groei in jou verhouding met Jesus, is die oomblik wat jy jou geluk en vreugde gaan verloor.

Vraag:

1. Hoe goed ken jy vir Jesus Christus? Nie net op 'n kennis-vlak wat jy by die kerk, of langs die

braaivleisvuur gehoor het nie, maar op 'n intieme, persoonlike, belewenis-vlak.

2. Hoe leer ken jy God persoonlik?

2. Oefening van die week

Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.

Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.

Lees Johannes 16:16-24 (DB). Staan dan bietjie stil by vers 23 en vers 24. Wat is daar wat jy vir God wil vra?

23Dan sal daar geen keer wees aan julle blydschap nie. Niemand sal julle meer hartseer kan maak nie. Wanneer dit eers gebeur, sal van al julle vrae nie een meer oorbly nie. Luister mooi. Julle sal ander dinge begin vra. Wat julle ook al van my Vader vra om my saak in hierdie wêreld te bevorder, sal God vir julle gee. 24Tot nou toe het julle nog nooit so iets gevra nie. Neem vrymoedigheid en vra! Julle blydschap sal geen einde hê nie."

3. Seëngebed

Hierdie seëngebed kan in die afsluitingsgebed ingesluit word.

Mag jy hierdie week nog nader aan die Vaderhart van God beweeg om Sy Hartklop en Sy wil vir jou lewe te voel en verstaan. Mag jy opnuut besef: Hy is 'n Good Good Father.

Geluk begin by afhanklikheid van God

A. YSBREKER

Mense sal verras wees om uit te vind dat ek ... [elkeen moet die sin voltooi]

B. AANBIDDING

- *Eie keuse /die liedjie(s) van die uitsending / ALS-Dropbox.*

C. WOORD

- *Lees die Skrifgedeelte(s) een of twee keer hardop deur. Bied daarna aan elkeen die geleentheid om met die groep te deel hoekom woord(e) of frase(s) in die teks tot hulle spreek.*
- *Daarna lees die fasiliteerder die vrae hardop voor.*
Groeplede
*kry dan die geleentheid om te **reageer op die vraag wat tot hulle spreek.***
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mense...” nie*

1. Skrifgedeeltes en bespreking

Jy is verantwoordelik vir jou geluk. 50% van geluk handel oor jou eie gesindheid, denke en jou verhouding met God.

Lees Matteus 8:1-13 (NLV)

Toe Jesus van die berg af kom, het 'n groot skare Hom gevolg. Daar kom toe onverwags 'n man met 'n ernstige velsiekte nader en val voor Jesus neer met die woorde: "Here, as U wil, kan U my gesond maak."

Daarop steek Jesus sy hand na hom toe uit, raak hom aan en sê: "Ek wil dit vir jou doen. Word gesond!" En dadelik het sy velsiekte verdwyn.

Jesus sê toe vir hom: "Sorg dat jy dit vir niemand vertel nie. Maar gaan wys vir die priester dat jy gesond is, en bring die offer wat Moses voorgeskryf het.

"So sal jy vir almal duidelik bevestig dat jy gesond geword het."

Toe Hy in Kapernaum aankom, kom pleit daar 'n Romeinse offisier oor honderd by Hom: "Here, my slaaf lê verlam by my huis en hy verduur verskriklike pyn."

Jesus sê vir hom: "Ek sal hom kom gesond maak."

Maar die offisier antwoord Hom: "Here, ek is nie goed genoeg dat U onder my dak inkom nie. Spreek maar net die woord, en my slaaf sal gesond word. Ek staan self onder die gesag van senior offisiere, en ek het weer

soldate wat onder my gesag staan. Ek sê vir hierdie een: ‘Gaan,’ en hy gaan, en vir die ander een: ‘Kom,’ en hy kom. En vir my slaaf sê ek: ‘Doen dit,’ en hy maak so.”

Toe Jesus dit hoor, was Hy baie verbaas. Hy sê toe vir die skare wat besig was om Hom te volg: “Ek verseker julle, só ’n sterk geloof het Ek nog nêrens in Israel teëgekome. Glo My, daar sal baie mense van oor die hele wêreld kom, en saam met Abraham, Isak en Jakob die feesmaaltyd in God se koninkryk geniet. Maar die Israeliete, die mense wat daardie koninkryk eintlik moes beërwe het, sal uitgegooi word in die donker daarbuite. Hulle sal bitterlik huil en van selfverwyt op hulle tandekners.”

Daarop sê Jesus vir die Romeinse offisier: “Gaan huis toe. Soos jy geglo het, sal dit vir jou gebeur.” En op daardie presiese oomblik het sy slaaf gesond geword.

Vrae:

1. Lys al die hartseer omstandighede.
2. Lys God se beloftes vir hierdie persone.
3. Wat, volgens Jesus, het hy nodig om gelukkig te wees?
4. Geluk begin by afhanklikheid teenoor God. Hoe gaan dit met jou afhanklikheid?

Lees Johannes 16:20-22(NLV)

Ek verseker julle, julle sal huil en treur, maar die wêreld sal juig. Julle sal baie hartseer wees, maar julle hartseer sal in blydschap verander. 'n Vrou het pyn wanneer sy geboorte skenk omdat haar tyd gekom het. Wanneer die baba egter gebore is, onthou sy nie meer die swaarkry nie vanweë die groot blydschap dat daar 'n mens in die wêreld gekom het. Julle ondervind ook nou hartseer. As Ek julle egter weer sien, sal julle harte oorloop van blydschap, en niemand sal dié blydschap weer van julle af wegneem nie

Vrae:

Jesus praat profeties oor Sy opstanding.

1. Hoekom gaan Sy opstanding hulle met blydschap vul?
2. Hoe sterk is jou geloof? (Kopkennis of hartsbelewenis)

2. Oefening van die week

Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings

betreffende die oefening van die vorige week.

Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.

In jou stiltetyd hierdie week, gaan lees Psalm 131. Word stil en herhaal dit oor en oor vir jouself. Laat die woorde

insink. Memoriseer die Psalm en probeer gereeld deur jou dag se take aan die Psalm dink en bly in God se Rus.

3. Seëngebed

Hierdie seëngebed kan in die afsluitingsgebed ingesluit word.

Here dankie dat ons kan weet dat niks, maar niks, ons kan skei van U liefde nie.

Herders:

Ruan Rabie (12-18 jr)

oorgee@als.org.za

076 793 0297

Darius van der Schyf (19-25 jr)

darius@als.org.za

072 822 8267

Andries Minnaar (26-35 jr)

minnaar@als.org.za

082 463 1645

Francois Fouche (36-44 jr)

francois@als.org.za

063 179 5493

Willie Coetzee (45-53 jr)

willie@als.org.za

083 417 7792

Bertie Nel

bertie@als.org.za

083 696 0668

Herman Coetser (65-100 jr)

herman@als.org.za

083 268 7888